TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: .N G Kerk Uitenhage-Noord..... Sinode: *NG Kerk in Oos-Kaapland*

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
   - **þ** Kerkraad
   - ¨ Wyke
   - ¨ Kleingroepe
   - **þ** Lidmate: byeenkoms
   - ¨ Lidmate: individueel
   - ¨ Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
   - ¨ Ja
   - ¨ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Belhar belydenis aanvaarbaar // Belhar moenie voorwaarde wees nie x5 // Moet nie ingesluit word nie. // Dit is persoonlike keuse en kan nie deur 'n kerk/gemeente afgedwing word nie // Ek dink nie so nie // Stem saam x64 // Stem nie saam nie x7 // Aanvaar die besluit x9 // Dra nie genoeg kennis om te besluit nie x2 // Doen wat reg is volgens die Bybel // Belharbelydenis is nie nodig nie x3 // Reg soos is x4 // Maak nie verskil aan my geloof nie // Moet bly soos is x6 // Voeg Belhar by // Ek stem saam, soos God in Sy Woord sê is waar x4 // Onseker x3 // Stem saam, want die Skrif skryf dit voor. As jy glo in die Woord is ons almal gelyk voor God // Niemand kan ons dwing nie. // Verskil oor Belhar // Kol 3:11 // Hoe seker is ons dat dit die wil van God is en nie die wil van mens om almal weer onder een vaandel te bring bloot omdat dit maar norm is in die "nuwe SA"? // Goed // Gaan daarmee saam dat hereniging moet plaasvind // Goeie idee // Dit kan so deurgevoer word soos verduidelik // Dit is goed dat almal self kan besluit oor Belhar // Het 'n probleem met Belharbelydenis // Hou by drie oorspronklike belydenisskrifte, Belhar nie ingeslote, Woord van God goed // Goeie idee, Behoud van eie identiteit, hou politiek uit x2 // Niks moet bygevoeg of weggelaat word nie. Belhar word nie aanvaar nie // Dit help ander, waarom sal dit ons nie help nie? Ons moenie kleinlik wees nie // Laat die Woord van God ons lei! Geloofsbelydenis en wette moet weer gedoen word tydens eredienste // Los Belhar – wek emosies // Belhar moet deel uitmaak om versoening te bewerkstellig, al 4 denominasies moet dieselfde belydenisse aanvaar // Ons hoort saam // Belhar moet weggelaat word x2 // Ek weet nie wat die Belhar belydenis inhou nie, maar ek vertrou dat watter besluit ons leiers ookal neem in afhanklikheid van God, sal die regte besluit wees // Gebruik die Bybel en los emosies as basis x2 //

Doen die regte ding vir die regte redes // Inhoud reg, baie mooi belydenis. Aanvaar dit, maar besef dit kan nie afgedwing word nie // Belhar moet nie onderskryf word nie. Hoewel dit skriftuurlik reg is, is daar te veel detail in wat spesifiek oor rassisme gaan. Dit is nie nodig dat daardie detail inkom nie. Bestaande belydenis impliseer dit reeds. // Belhar is skriftelik korrek //
Maak nie saak wat gemeentelede sê. Sinode het klaar besluit. Ek hou by dit wat ek sedert 1944 geleer het. Belhar – Nee!! // Wat julle besluit, ons volg!! // Nee x2 // As dit Bybels is moet dit aanvaar word x3 // Ek aanvaar die gewone belydenis van ons geloof // Geen kommentaar x24 // Goed //
As elke gemeente steeds voortgaan soos hulle altyd het, is dit reg as elke gemeente hou by die belydenisse wat hulle het // Die Bybel alleen moet basis wees. Belydenisskrifte moenie verdeeldheid veroorsaak x2 // Is reg, Belhar uitgesluit // Solank daar nie dwang is nie, is dit reg //
Belhar onduidelik (aanvaar slegs in sy kultuurgroep), nie afdwingbaar //
Kom na my toe, almal is welkom //
Die Woord sê almal is een in Christus. Ons lewe volgens die Woord – Eenheid //
Ek gee nie om om saam in kerk te aanbid nie, (Kol 3:11, Joh 21:22, 1 Kol 12:12&13) net nie uit een beker drink nie // wat gaan gebeur met gemeentes en individue wat glad nie Belhar wil aanvaar nie – dit moet van gepreek word en mense moet gelei word om dit uiteindelik te aanvaar // nie sin om elke gemeente opsie te gee om Belhar te aanvaar – watter indruk skep dit t.o.v. eenheid?, moenie belydenisskrif wees, hoekom begrawe ons nie die verlede nie? //

Nuwe/ ander voorstelle?

Ons wil nie oordonder word nie
Oppas vir Belhar
Hou alles net soos dit was
Heidelbergse kategismus moet weggelaat word x2
Rassisme moet weggelaat word
Hoekom kan alles nie bly soos dit is nie?
Verenig
Hou politiek uit kerk, Christus enigste oorweging vir besluit
Bybel is die grondslag (alleen)
Belhar moenie ‘n belydenisskrif word nie – Wat gaan gebeur met gemeentes en individue wat glad nie Belhar wil aanvaar nie – dit moet van gepreek word en mense moet gelei word om dit uiteindelik te aanvaar

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Die proses is reg // Gemeentes bly onafhanklik van mekaar x26 // aanvaarbaar x103 // Stem saam dat ons almal mekaar nodig het. Sal saamstem wat ookal die kerk se besluit is // Moet wedersydse respek vir mekaar hê en saamwerk, maar moet selfstandig bly // Smelt saam // Teoreties goed – praktiese uitvoerbaarheid? // Ek dink dit is goed genoeg so // Geen kommentaar x15 // Ons moet saamsmelt – net een N G Kerk – deel wat ons het met mekaar // lidmate moet mekaar ondersteun, gemeentes moet self besluit hoe hulle wil funksioneer x2 // Dis belangrik dat niks geforseer word nie. Elke gemeente moet op eie tyd x2 // Sal berus by die besluit van die Algemene Sinode // Selfde probleme wat in 1829 was word weer voorspel – totale splitsing // Nee, stem nie saam nie x9 // Ons is reeds in die proses van samesmelting, dit is onverhoedbaar, en beslis 'n goeie ding 'meer siele meer vreugde' Hoekom nou eers? // Minderheidsgroepe (afrikaanssprekend) sal verdwyn // Regte ding om te doen // Lidmate van ander denominasies is ook deel van kerk. Stel dan fout van verlede reg. Verskeidenheid belangrik // Dit is iets wat vanself moet kom, so dit is goed dat gemeentes self kan besluit // Gemeentes moet in dag-dag gebruike selfstandig bly om sodoende alle kulture se gebruike te respekteer // Gemeentes afsonderlik, poog samewerking, sinode een, ringe besluit // Dit sal wonderlik wees om God toe te laat om volgens elke kerk se behoeftes te werk // As elke gemeente steeds sy eie ding kan doen, sien ek nie hoe kerkhereniging ooit gaan plaasvind nie // Is ons dan nie een in Jesus Christus nie? // Kol 3:11 // Gemeentes wat wil sal gehelp word om na mekaar te groei // Algemene sinode gee rigting, gemeente moet selfstandig bly x2 // op aangaande basis behoort mense wat aanklank vind by mekaar saam te aanbid. By geleentheid kan almal saamkom // Onseker // Ek stem saam as dit gaan oor God en sy Woord // dit kan probleme skep en op sekere tye kan dit werk, omdat party ander denominasies nie werklik saam met ons wil kerkgaan nie // Die kerk se doel is om die Woord van die Here te verkondig. As die kerk hierby hou sal hierdie kwessies nie belangrik wees nie. Hier is duidelik politieke druk wat nie in die kerk hoort nie. // Goed om eers op hoër vlak saam te smelt // Enige gemeente is tog oop vir almal //

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Strukture vir samewerking // Almal moet gelei word om ander te aanvaar en verstaan sodat ons as een liggaam gesond kan word en effektief kan funksioneer elkeen met die gawe soos deur God aan hom gegee // Groei na mekaar toe, sinodes saam // Politiek moet nie die oorwegende faktor wees by besluitneming nie // meer uitnodigend vir jeug, konserwatiewe idees en styfheid moet weg //

Nuwe/ ander voorstelle?

Strukture moet bestaan vir bystand, ondersteuning, ens. Ons is per se broers en susters // Gemeentes, ringe en sinodes moet bly soos wat dit tans is // Kuier // Ja, maar in Ringe moet al die gemeentes saam besluit // Wisselwerking met ander is belangrik, maar moenie eie identiteit /persoon verloor nie // in beginsel nie probleem met hereniging, maar kulture verskil en dit gaan frustrasie meebring – veral op sinodale en ringsvlak gaan tydsfaktor 'n problem word, dit gaan meer geduld vra, ek het in Afrika kerke grootgeword, ek weet!! // wie het alg. Sinode mandaat gegee om te besluit om te herenig?, wat van ander kerke en hoekom herenig ons nie met hulle nie , die kerk volg alweer die regering van die dag //

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Unity is strength – goeie idee x4 // kan saam werk aan projekte, maar bly in kerke soos nou x2 // Weet nie so mooi hieroor nie, bly apart met projekte?? // elke kerk moet sy eie projekte aanpak afhangende van eie behoeftes x8 // sekere projekte kan saam gedoen word x6 // stem saam x85 // onseker x3 // Nee x12 // Geen kommentaar x22 // Kan leersaam wees // maak soos meerderheid besluit x2 // spreek die grootste nood eerste aan, dis wat Jesus sou doen // Gebedsafhanklikheid // projekte moet aangepak word en mense moet bereid wees om betrokke te raak // reg waar gemeentes eenvormigheid daaroor het // projekte saam is nie 'n probleem as dit gaan om dissipels te maak en die Woord van die Here te verkondig nie // Somtyds gaan dit gee en neem wees en somtyds net gee // plaaslike gemeenskappe moet met mekaar onderhandel // moet saam gestig word en gebid word // 'n kerk is in 'n bestaande buurt waar gesamentlike waardes gehandhaaf word. Ja as my selfde waardes en kultuur as ek het, werk saam. Moenie verwag dat verskillende kulture moet vermeng nie. // dis goed mense in dieselfde area moet aan dieselfde gemeente behoort // projekte moet apart onder gesamentlike riglyne beskryf word // Kol 3:11 // baie meer ordelik wees as almal saamwerk. Bespaar onnodige werk // as die Woord dan die waarheid is, hoekom is ons nog verdeeld? // in die hemel gaan ons een wees, hoekom oefen ons nie solank nie // daar kan miskien kwartaalliks of net 1 projek saam wees // elke gemeente administreer sy eie fondse en werke // goeie idee, sal verskillende mense insig gee van ander se metodes // moet ons nie dwing om saam te werk nie // kan saam werk waar nodig, nie ryp druk nie, eie keuse belangrik, vra weer – wat van AGS ens. // moet nog in die praktyk getoets word // volg Bybel as riglyn // verander ons taal dan nie? // Ek is versigtig daarvoor // klink reg, sal nooit weet as ons nie probeer nie // net een kerk wees wat op alle vlakke saamwerk // kan tot voordeel wees van God se koninkryk om projekte gesamentlik te doen // teoreties mooi – prakties sal hier niks van kom // kan so nader aan mekaar groei // almal moet eers as gemeente betrokke raak voor ons kan uitbeweeg // kan kyk of dit werk, as Christen behoort ras en kleur nie saak te maak as dit by godsdiens kom // aanvaar vasgestelde beginsels // almal dien een God en saam bevorder die uitbreiding van Woord // ja, maar wees geduldig met mekaar, dit neem tyd //

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Doeltreffende bestuur // almal wat saam wil aanbid moet net genooi word, bediendes, swart bure en kenisse //

Nuwe/ ander voorstelle?

Projekte op alle vlakke saam hanteer // gemeentes wat wil saamsmelt kan nuwe gemeentes stig // Moet deur bekwame mense bestuur word // sal doeltreffende sending vergemaklik //

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Geen kommentaar x26 // stem nie saam x4 // stem saam x102 // los verskille t.o.v. eiendomme op // versoening is nodig om God se wil te doen // almal is gelyk voor die Here en ons moet daarvolgens handel // in gebedsafhanklikheid x3 // verstaan dit nie mooi nie // versoening is "long overdue", aanvaar dit so en is opgewonde oor hierdie konsep // doen alles biddend en vra die wil van God // het nie probleem met versoening, solank dit nie polities gedrewe is nie // probleme moet opgelos word op die pad van versoening x2 // goeie idee // moet gedoen word en afgehandel word // almal is gelyk // hou politiek uit die kerk uit, ons is hier saam in Jesusliefde as een gemeente in Christus // Ek weet nie, as dit gebeur is ek in, as dit nie gebeur nie is ek steeds in, ek kan dit nie verander volgens myself nie // Dra nie genoeg kennis om te besluit wat sal aanvaar word // nie net van blankes se kant nie // doen die regte ding vir die regte rede // ja vir versoening, dien een God, maar steeds plek vir verskillende kulture // bly selfstandige kerk x2 // los geskille op, leef in vrede saam vorentoe // hoekom moet hulle almal saamsmelt, ons is almal gewoond aan eie kultuur // solank een groep nie net eiendomme wil ontvang en niks wil afstaan nie // probleme moet deur sinodes uitsorteer word // gee vir ons boodskap elke diens // in Jesus is ons een en daarom moet ons ons samewerking gee // om een te word, moet ons versoen, wat dit ookal mag verg // u sal beter weet // elke gemeente moet sy eie weg bewandel // Ja, volgens Bybel asb., weer eens hou politiek uit kerk, vergeet dinge van verlede, moet nie op dit broei nie, dan sal dit nooit sterf nie // dit is iets wat moet gebeur, maar dit gaan moeilik wees, sterkte // lidmate sal self besluit of hulle wil deel aan proses // dis te stadig, vergeet van ras en elke kerk se eie bedreigdheid // konsensusvoorstelle is reg, het baie gebed nodig, baie nodig vir ons kerk en christelike samesyn in Afrika, ons behoud // sal al die voorstelle uitgevoer word? // geen versoening van my nie // nooi hulle uit na ons dienste // smelt in totaliteit saam. So gou moontlik, sodat ons weer tyd, geld en moeite op dinge kan spandeer wat werklik saak maak, as 'n span sonder verdeeldheid // as ons hardverdiende eiendomme moet deel sal daar nie meer plek wees vir die minderheidsgroepe nie // het versoening nie reeds plaasgevind nie? // vorm sleutel na suksesvolle bediening //

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Kerk moet net versoen en bely teenoor blanke mans veral ook dat hulle hulle mislei het, nie net ander rasse nie // positiewe opbouing // ou koeie, verwyte, verskonende apologetiese houding // eiendomme bly by elke gemeente afsonderlik // nooi van hul kore en predikers // hoe lank moet ons nog verskoning vra //

Nuwe/ ander voorstelle?

Kry ook eksterne christelike arbiters en raadgewers hier en oorsee // positiewe, gesamentlike visie // solank ons nie versoen nie, pleeg ons 'n sonde en kan nie voorspoed en seën verwag nie // ons moet net nie net op papier versoen/saamsmelt nie // span saam as eenheid // baie bid, groot oorbrugging // Wat van versoening met Geref Kerk, Hervormde kerk en ander kerke en ander kerke en daardie strukturele eenheid, miskien is dit net so belangrik of nog belangriker // nuwe leraars moet toegelaat word om te preek // dat alle mense in die 4 kerke mekaar met "dignity" behandel //

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

.meer tyd nodig om te oordink // N G Kerk van God.// Suid Afrika N G Kerk // Verenigde N G Kerk // N G Kerk in Afrika // N G K is N G K // Enlightened Christian Church // Die kerk van God // Verenigde N G Kerk in Afrika // Christus se Kerk // Kerk van S A // Die verenigde Kerk van God // Kerk van Jesus // Nuwe S A kerk vir Jesus Christus // Nuwe Herenigde Kerk van Afrika // Herenigde Kerk van God // Our church for God // Verenigde Christelike Kerk // Laat dit spontaan ontwikkel, simboliese/profetiese handeling kan help //
....

.....

.....

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055